Skreebek

November 2017

Bestuur 2017 – 2018:

Voorsitter	Louis van der Walt	083 276 1719
Ondervoorsitter	Jan du Buisson	082 921 1128
Sekretaris	Estelle Billekens	082 454 1842
Penningmeester	Marietjie van Staden	082 854 3063
Nuusredakteur	Attie van Staden	082 338 3971
Voorraadhouer	Marietjie du Buisson	082 941 5579
Graveerder	Hennie Gouws	083 328 3868

Voogdelys:

Louis v/d Walt	**Jan du Buisson**
Die bestuur	Antonie en Joekie Laubscher Alan en Alta Morgan
Estelle Billekens	**Marietjie v Staden**
Peet en Alida Barnard Tjaart en Manuela Scheepers	Corrie en Hendrien Clase Graham en Sannie Clouston
Attie v Staden	**Hennie Gouws**
Peet en Ria v/d Walt Sarel en Linda van Zyl Johan en Manda du Preez	Dave en Elize Fourie David en Madelein Fourie Tienie en Bessie Herholdt
Marietjie du Buisson	
Hennie en Sherron de Koker Elsabé vanZyl	

Net ‘n gedagte……

Die voëlties begin die dag met ‘n vrolike lied en die aand

sluit hul dit af met ‘n dankbare getjirp

Want hul Skepper sorg vir hul.

Jy is vir Here baie meer werd as ‘n mossie

Daarom kan jy die dag ingaan met verwagting en vreugde

Want Hy sal ook na al jou behoeftes voorsien

Na die rykdom van Sy genade.

----ooOOoo----

Voorsittersbrief November 2017

Goeie dag almal,

Kan julle glo dit is alweer die einde van die jaar, dit voel elke jaar of die dae vinniger verby gaan so besig is ons.

Die jaar het nie sonder hartseer en teenspoed verby gegaan nie. Ons dink graag terug aan almal wat vriende en familie verloor het, dit bly maar hartseer, maak nie saak hoe jy na dit kyk nie. Ons moet net nie vergeet dat daar ook vreugde in die lewe is nie.

Ek wil julle asseblief almal herinner aan Manyana kamp volgende jaar, einde April begin Mei. Ek en Sarel het klaar bespreek en betaal. Almal is welkom om die kamp saam met ons by te woon, daar is wel ‘n kamp by Bloekompoort ook dieselfde naweek. Almal wat Manyana toe wil gaan moet asseblief onthou om vroegtydig te bespreek en te betaal want hul is gewoonlik teen einde Januarie reeds vol bespreek.

Dan moet julle ook asseblief daarop let dat die Januarie kamp met een naweek aangeskuif het na 10 tot 14 Januarie. Die Februarie kamp het ook een week aangeskuif omdat daar op ons beplande naweek ‘n boeremusiek fees daar aangebied word,.die kamp sal nou 16 tot 18 Februarie by Koppisol wees.

Graag wens ek ieder en elk van julle ‘n geseënde Christus fees toe. Elkeen wat weg gaan en op die paaie gaan wees, ry versigtig en sien julle almal in die nuwe jaar.

Groete aan almal

Louis.

Lief:

Olaf was in die hospitaal maar dit gaan goed met hom.

Johan en Manda du Preez het ‘n oorplasing gekry na ons toe.

Hennie de Koker het ‘n heupvervanging gehad en is goed op dreef.

Bessie het ‘n nekoperasie gehad en dit gaan goed.

Leed:

Hans en Thea Barnard se oudste dogter, Felicity is 15 November oorlede en Thea lê al twee weke in intensief, Mediclinic, Vereeniging.

Verjaarsdae:

Desember	Dave Fourie 16/12 Sarel van Zyl 23/12 Sherron de Koker 24/12
Januarie	Alta Morgan 01/01 Tjaart Scheepers 18/01 Hennie de Koker 23/01 Bessie Heholdt 24/01

Baie geluk almal, mag die jare vorentoe voorspoedig en geseënd wees.

Kamp terugvoering

Ons was 11 woonwaens en het lekker gekuier en heerlik geëet, die kosaksie van Saterdagaand, ‘n spitbraai wat Sarel en Linda en hul span vir ons voorberei het en deur hul geskenk is, het ‘n volle R2200.00 vir ons kas ingebring.

Bertha het weer die tafels versier en soos jul op die foto’s kan sien, dit het pragtig gelyk!!



Baie dankie aan Graham vir die foto's.

Volgende kampe:

10-14 Januarie is seniorburgerkamp en streekkamp by Bloekompoort

Kampkommandante: Tienie en Bessie

Tarief: R110 p/nag

Daar is nog geen kampkommandante aangewys vir die res van die jaar nie, asseblief as jy jou weg oop sien om te help, kontak een van die bestuur – dankie.

16-18 Februarie by Koppisol

9-11 Maart by die Bootklub

April is dit die Presidente en Vaaldriehoek is kampkommandante dus het Louis nou al gevra dat almal wat moontlik kan, asseblief die kamp sal bywoon.

27 April – 1 Mei by Bloekompoort en Manyana

6-15 Julie is dit die wegbreker na Marula

24-26 Augustus is dit die AJV by Bloekompoort

21-24 September by Sionbergh

19-21 Oktober by Klipdraai

16-18 November is Kersboom by Bloekompoort.

'n Baie geseënde Kersfees en voorspoedige nuwe jaar vir julle almal. Maak hierdie feestyd en familietyd mooi en lekker en geniet elke oomblik daarvan.